

EK KAN NIE MEER NIE

Dr Petrus Moolman

In Covid-19 afsondering September 2020

Op ons lewensreis kom ons meermale by 'n punt waar ons sug: "Ek kan nie meer nie". Dit is nie ongewoon nie. 'n Mens se fisieke en psigiese pyndrempel het 'n perk wat nie oorskry kan word nie. Dan breek jy. En is daar nie baie dinge wat mens tot so 'n punt kan dryf nie! Ek lees hierdie week in 'n artikel op E-Kerk waarin Ivor Swartz skryf: "Waar ek vandaan kom het ons 'n beskrywing vir kwaad-word wat ek dink die beste is. Wanneer jy kwaad word vir iemand sal jy gewoonlik sê, *djy maak my bors warm, djy*. Is dit nie 'n letterlike beskrywing van wat hier binne ons gebeur wanneer ons kwaad word nie?" Dan noem Ivor 'n aantal dinge wat sy "bors warm maak". Weerlose mense wat aan hulle eie lot oorgelaat word. Mense wat sinneloos vermoor word, dikwels met geen duidelike motief nie. Ons sal elkeen dié lysie kan aanvul met persoonlike ervarings. Jou uithoudrempel is bereik. Magtelose woede is een van baie emosies wat dié kabel met sy bondel verweefde draadjies wat hom aanmekaar hou, wil laat breek. En enigiemand wat al 'n dik kabel sien breek het, sal weet dat dit groot skade kan berokken.

Terwyl ek en my vrou na die maande se inperking vir 'n paar dae wegbreek in die skilderagtige mooi van die Drakensberge, hou ons tog ook kontak met die wêreld aderkant die wasigheid van Cathkin Peak. Jy hoor ekonome en politici praat wat sê die koffers is leeggesteel. Nou word na allerhande grashalms gegryp om die lang, gladde vingers dieper in die staats- en private kasregisters in te wring om die klein bietjie wat sommige nog het, ook in dieselfde stroom te laat afspoel. Jy luister na die magtelose gevoel wat 'n politikus in 'n plaaslike regering verwoord. Hy kry op geen manier reg om die gewetenlose staatsrowers aan die pen te laat ry nie. Die korrupsieringmuur lyk net ondeurdringbaar. Wat maak jy as jou "bors erg begin brand"?

Ons lees die eerste Psalm saam deur en maak 'n paar belangrike ontdekkings. Ons leef in 'n wêreld wat ver aan die duskant van die Nuwe Jerusalem en die Nuwe

hemel en aarde lê. Ons leef in die tyd waarin dit inderdaad soms lyk of die Koning van die heelal greep verloor het op sy onuitspreeklik mooi skepping en maaksels. Die psalmdigter sê daar is twee groot groeperinge: God-loses en regverdiges. In die oë van God is daar niks tussenin nie.

Nou moet ons natuurlik oppas dat ons onself té maklik aan die kant van die goeie groep skaar. Die probleem is skyn. Prof. P A Verhoef het eendag in 'n eksegeseklas oor die Ou Testament gesê dat die wêreld so skynvroom voorkom en die sogenaamde regverdige dikwels so wêreldse lyk, dat die onderskeid tussen God-loos en regverdig nie altyd waarneembaar is nie. Dit help nie om luidkeels teen korrupsie te skree nie, maar wanneer ek as besigheidspersoon self ook voordeel diep uit die groot emmer kan skep, doen ek dit wanneer dit verbykom. Van diesulkes is daar baie voorbeelde. Ons ken soms self sulke name. Trouens, dit maak die brand in die bors nog erger.

Die digter is baie duidelik oor regverdige vroomheid. Dit gebeur nie vanself nie. Die boom het nie as klein plantjie langs die rivier tot lewe gekom nie. Dit is uitgeplant, vanaf 'n dorre gebied, na die waterryke omgewing van die rivierstroom. Dit word gevoed deur die Woord en dra vrugte tussen groen blare. Dit vermeng nie ligsinnige goddeloosheid met vroomheid nie. Dit beantwoord aan sy doel. En dié verplanting het die Groot Boer duur gekos. Sy bors het nie net gebrand nie, dit het gebloei. Tog hou Jesus dit teen meer as een van die Openbaring-gemeentes, dat hulle met die agtergrond van die stede waarin hulle gevestig is, versmelt het. Hulle, veronderstelde rivierstroombome, lyk soos die stad in plaas daarvan dat die stad soos die gemeente lyk. Daarteenoor is die skynvroomheid van die God-lose, inderdaad skyn. Kaf wat in die wind wegwaai nadat dit geskei is van die koringvrug. Niks, leeg, betekenisloos. Net goed om nog te brand as daar 'n vuurhoutjie in die omgewing is. En, is die afleiding van die psalmdigter, dat hulle uiteindelijke bestemming hulle eie ondergang is. Finale, verfrommelde niks.

Eerder as 'n verlamme brandpyn in die emosionele bors, is daar iets wat die regverdige wel kan doen. Om doelbewus na 'n rivieroewerboom te lyk. Een wat op die regte tyd, groen blare uitstoot en vrugte dra. Een wat volledig op die regte oomblik volledig voldoen aan sy roeping. Dit vra dat ons die wortels diep moet laat

groeï na die lewendgewende stroom wat die rivierbedding van die Woord bied. Hoe duideliker die beeld van lewe, hoe sterker sal die ondergang van die God-lose sigbaar word. En natuurlik, om die Oewerboer te vertrou. Volledig te vertrou. Dink net, Hy is in staat om die pad van selfvernietiging te gebruik om van aartskelms, rivierboompies met groen blare en vrugte te maak, wat almal kan voed!